# 15 Maart 2024 - Lesing 262 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God openbaar Homself in tye van geestelike nood **–** 9/2/62

**NO: 8098** Elke gedagte wat julle tot My rig in "gees en in waarheid", neem Ek aan en Ek is waarlik steeds bereid om julle volgens waarheid te antwoord, wanneer julle aan My 'n vraag stel. Maar ook julle sal julle bes moet doen om die antwoord heeltemal **sonder vooroordeel** in ontvangs te neem. Julle sal moet wees soos "**leë houers**" wat Ek wil vul met die korrekte inhoud, wat julle almal slegs tot seën sal strek.

Julle moet weet dat **My Liefde vir julle onbegrens is**, dat My Liefde alle middele sal aanwend om julle, wat nou nog maar kort voor julle voltooiing staan, te help om hierdie laaste voltooiing te bereik, waarvoor daar egter nie meer veel tyd oor is nie.

Vêrder moet julle weet dat My teenstander in die laaste tyd voor die einde **enorme mag sal hê**, toegelaat deur mense wat nie ernstig na hulle laaste voltooiing streef nie. Hy sal dus ook slaag om baie mense weer in die lokval te laat inloop, **vir wie die aardse weg dan tevergeefs was.**

Omdat Ek van alles op hoogte is, ook van die nog vele besluitelose siele wat te swak is om sy skandelike werksaamhede te weerstaan, - en omdat My Liefde onbegrens is en Ek ook alle mense uit sy hande sou wil bevry, maar tog nie teen die wet van My ewige ordening kan ingaan nie, **moet Ek dus binne die grense van die ewige ordening werksaam wees** en hulle tot hulp kom wat hulle gedagtes na My opstuur, wie se wil dus nie van My afgewend is nie, selfs wanneer hulle nog nie hulleself openlik vir My uitgespreek het nie.

Maar Ek wil hulle help om die korrekte besluit te neem, daarom moet Ek hulle ook lig en krag stuur, sodat hulle My eenmaal leer herken. Dan kan hulle ook die krag opwek om My teenstander te weerstaan en op My afstuur. **Ek is waarlik geen God wat vir julle onbereikbaar is nie.** Ek is die Liefde en die Liefde is nooit ver verwyder van die wesens wat deur My geskape is nie. **My Liefde sal hulle steeds volg**, ook al is die skepsele nog op die grootste afstand van My verwyder.

Hierdie God sal julle eers moet leer ken, Wie as 'n Vader besorg is oor die lot van elke mens en Wie julle daarom ook **nooit in die verte hoef te soek nie**, 'n Innige gedagte van My "kind" roep My dadelik na hom toe en Ek sal by hom wees en bly, omdat die liefde van die kind geen verwydering meer toelaat nie en **Ek kan Myself aan hom openbaar.**

Dit is My groot hulp wat Ek gedurende die tyd van die einde aan die mensdom sal gee, **wie in die grootste geestelike nood verkeer.**

Ek spreek Self die mense aan en alle mense wat hulle open vir My aanspreking van bo, mag My woord hoor. Die lig en die krag, wat hulle nodig het vir hulle voltooiing, **bring Ek vir hulle oor deur My woord**.

En dus werk Ek Self, julle God en Vader van ewigheid om die aktiwiteite van My teenstander te verswak; om die mense 'n **reddingsanker** aan te bied, waardeur hulle die gevaar kan ontkom om aan sy aktiwiteite te beswyk.

Ek spreek Self die mense aan en Ek gebruik daarvoor 'n **gewillige werktuig (B.D.)** wie My bewustelik dien en My direkte werking aan en in haarself toelaat, omdat Ek in geen geval die mensdom wil dwing nie, want hulle moet **vrylik 'n besluit neem** om My aanspreking aan te neem al dan nie.

Maar Ek spreek Self tot alle mense, omdat My eindelose Liefde My daartoe aanleiding gee. Sy sal nooit sal ophou nie en is altyd bereid om te help.

Maar julle mense moet glo dat die geestelike nood groot is, omdat julle voor die einde staan, en julle moet weet dat die einde ook deur My Liefde gemotiveer is. Ek weet wat nodig is, Ek weet wanneer die tyd aangebreek het waarin Ek die wetlike ordening moet herstel, **om die werk van die terugvoering van die gevalle geeste te kan voortsit**.

Maar Ek weet ook waar daar nog hulp verleen kan word en op welke wyse, en Ek benut waarlik elke geleentheid om die mense op aarde se oë te open, **om Myself aan hulle te openbaar**. En My skape herken die Stem van hulle Herder en hulle volg haar (die Troostergees).

Maar ook in die heelal sal My stem weerklink, want My Woord weerklink ook in die oneindigheid. Sy weerklink vir alle ek-bewuste wesens en deurstroom hulle met Lig en Krag. Julle kan dus geensins sê dat julle My nie Self sou kan of mag hoor nie, want dan sou My Liefde begrens en My Mag beperk gewees het.

En al is Ek onbereikbaar vir My skepsele en dit sal ook so bly, **tog is Ek deur die Liefde innig met hulle verbonde** en ook so naby dat elke skepsel My kan hoor, as sy liefde na My sal uitgaan. En sodoende word die verbinding tot stand gebring soos wat dit oeraanvanklik was.

Want in die begin het **elke wese My woord gehoor** en dit was hulle saligheid. En dit sal ook weer hulle saligheid wees, wanneer My Liefde die wesens weer sal deurstraal soos vroeër. Amein.